## 23.12 RAPPORT DEPUTATE RADIO EN TV-UITSENDINGS (Art 188)

## 23.12 REPORT DEPUTIES RADIO AND TV BROADCASTINGS (Art 188)

A. Ds HL Stavast stel die Rapport.
Rev HL Stavast tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **1. Matters that the Synod take note of** |
| 1.1 *Opdrag*: Handelinge 2015:444. | 1.1 *Briefing*: Acts 2015:444. |
| 1.1.1 Om In samewerking met Pretoria FM, SAUK (Tripel M Produksies), Radio-kansel en ander gelisensieerde uit-saaiers die uitsending van eredienste, kerknuus en deelname aan Gods-diensprogramme vanuit die GKSA oor Radio en TV te reël. | 1.1.1 To arrange the broadcasting of sermons, church news and the participation in religious programmes on behalf of the Reformed Churches of South Africa in cooperation with Pretoria FM, the SABC (Triple M Productions), Radio Pulpit and other licensed broadcasters. |
| 1.2 *Uitvoering van opdrag*<br>Die uitsaai van eredienste, kerknuus en deelname aan Godsdiensprogram-me het gereeld op Pretoria FM) en op verskeie geleenthede op RSG (SAUK) plaasgevind. | 1.2 *Implementation of brief*<br>The broadcasting of sermons, church news and participation in religious programmes has taken place on a regular base on Pretoria FM and on various occasions on the SABC (RSG). |
| 1.3 *Uitsaaigeleenthede* | 1.3 *Broadcasting opportunities* |
| 1.3.1 <u>Radio Pretoria</u><br>Die Godsdienskomitee van Pretoria FM ken op 'n gelyke basis met die NGK, NHK en APK aan die GKSA Godsdiensuitsendings geleenthede toe. Kerknuus word, soos dit vanaf die Administratiewe Buro ontvang is, Sondagoggende op die sender uitge-saai.<br><br>Ds HL Stavast en later ds C Jooste het as Deputate van die GKSA verskeie vergaderings van Pretoria FM se Godsdienskomitee bygewoon en die nodige insette gelewer. | 1.3.1 <u>Pretoria FM</u><br>Pretoria FM's religious programmes committee allocates religious broadcasting opportunities on an equal base to the four Reformed Church denominations, including the Reformed Churches in South Africa. Relevant church news as provided by the Administrative Bureau, is broadcasted on Pretoria FM on Sunday mornings.<br>Rev HL Stavast, and at a later stage Rev C Jooste, as Deputies of the Reformed Churches in South Africa, attended various meetings with the religious programmes committee of Pretoria FM and provided their necessary inputs. |
| 1.3.2 <u>RSG</u><br>Tripel M Produksie as gemagtigde om Godsdiensuitsendings op RSG te behartig, maak nie gebruik van die Deputate as 'n koordineringsliggaam van die GKSA nie, maar reël individueel met predikers. Dit is egter met dankbaarheid, dat ons kan | 1.3.2 <u>RSG</u><br>Triple M Productions, being authorised by the SABC to organise religious programmes on behalf of RSG, does not approach the Deputies as coordinators on behalf of the Reformed Churches in South Africa but rather approaches the ministers directly. We |

| | |
|---|---|
| rapporteer dat Trippel M verskeie uitsaaigeleenthede aan verskeie Gereformeerde predikante toegeken het. | can however Report with gratitude that ministers from the Reformed Churches in South Africa have been given various opportunities in broadcasting their sermons. |
| 1.3.3 SABC TV<br>Geen versoek is ontvang om vanuit die GKSA 'n uitsaaigeleentheid waar te neem nie. | 1.3.3 SABC TV<br>The SABC has not approached the Reformed Churches in South Africa for a broadcasting opportunity. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.3.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.3.3 noted.** |
| **2. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>Aanbevelings | **2. Matters that the Synod decide on**<br>Recommendations |
| 2.1 Dat weer Deputate aangewys word met die opdrag om: | 2.1 That Deputies be appointed with the brief to: |
| 2.1.1 In samewerking met Pretoria FM, SAUK (Tripel M Produksies), Radiokansel en ander gelisensieerde uitsaaiers die uitsending van ere-dienste, kerknuus en deelname aan Godsdiensprogramme vanuit die GKSA oor Radio en TV te reël. | 2.1.1 Arrange the broadcasting of sermons, church news and the participation in religious programmes on behalf of the Reformed Churches in South Africa in cooperation with Pretoria FM, the SABC (Triple M Productions), Radio Pulpit and other licensed broadcasters. |
| 2.1.2 Streeksinodes versoek word om Deputaatgroep vir Radio uitsendings te benoem, verteenwoordigend van die onderskeie Klassis in die betrokke Streeksinode. Motivering: In byna elke Klassis en Streeksinode bestaan daar onafhanklike uitsaaiers waarvan die Nasionale Deputate nie van bewus is nie en met wie hulle nie kontak het nie. | 2.1.2 Request other Regional Synods to appoint Deputies for broadcasting purposes, representative of all Classes in the relevant Regional Synod. The motivation behind this argument is that independent broadcasters exist within the geographic areas of all Classes and Regional Synods of which the National Deputies are not always aware. Apart from not always being aware of these broadcasters the national Deputies do not know their locations or have their contact details. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.2 goedgekeur.** | **Decision: Points 2.1 to 2.1.2 approved.** |